



O  
N  
S  
  
I  
S  
  
N  
  
W  
A  
R  
D  
E  
  
G  
E  
D  
R  
E  
W  
E  
  
S  
K  
O  
L

### Uit die kantoor

Tydens die Olimpiese Spele vanjaar het die wêreld verstom gestaan oor die gimnas, Simoné Biles se vermoë. Ná jare se oefening was sy en 'n klomp ander gymnaste in top vorm. Hul vermoëns het 'n klomp kinders met sterre in die oë gelaat met die gedagte om in hul voetspore te volg. My 3-jarige dogtertjie is een van hierdie kinders.

Na weke se gesmeek het ek en my dogtertjie eindelijk die week by haar eerste gimnastiekles opgedaag. Die ma langs my, wie se 5-jarige dogtertjie ook vir die eerste keer daar was, het my vertel dat haar kind so opgewonde oor die gimnastiek is dat sy selfs haar ballet opgegee het. Ek kon die afwagting op die kind se gesig sien.

Tydens die klassie is die kindertjies in drie groepe opgedeel waartydens hulle om die beurt op die balk moes loop, bollemakiesies moes slaan en ook op die springmat spring en dan op die mat land. Alles is duidelike aktiwiteite om die fondasie te lê waarop hulle as toekomstige gymnaste kan voortbou.

Deur die loop van die klas het die 5-jarige dogtertjie egter met 'n lang lip en duidelik baie ongelukkig, aangestap gekom na waar ek en haar ma gesit en wag het. Op die vraag wat fout is, het sy in trane uitgebars en deur die snikke gesê: "Nee mamma, hierdie is nie gimnastiek nie. Ek wil gimnastiek doen soos die mense op die TV." Sy het ook die Olimpiese gymnaste dopgehou en geglo dat sy tydens haar eerste les soos hulle sou kon presteer.

Soms het ons ook hierdie ingesteldheid wanneer ons oor sake bid. Ons bid met 'n bepaalde verwagting. Wanneer die antwoord anders lyk as die verwagting, raak ons ongelukkig. Ons bars selfs uit in trane en vergeet dat God eers 'n fondasie by ons wil lê om te verseker dat ons karakter sterk genoeg is vir die deurbraak.

In Sagaria 4:10 lees ons: "Moenie die dag van klein dingetjies gering ag nie." Ook in Lukas 16:10 lees ons: "Wie in die kleinste dinge betroubaar is, is ook in die groot dinge betroubaar; en wie in die kleinste dinge oneerlik is, is ook in groot dinge oneerlik." Wanneer ons betroubaar bly in die klein dingetjies kan God ons verhef.

Waaroor bid jy vandag? Jou eie besigheid, 'n bepaalde werkseleentheid, 'n huis van jou eie, 'n huweliksmaat, 'n kindjie? God gebruik soms ongemaklike situasies om ons karakter en fondasie te vorm. Kom ons bly getrou en "stap op die balk, slaan bollemakiesies en spring op die springmat" met alles binne ons terwyl ons, ons geloof en vertroue in God plaas dat Hy vir ons deurbrake kan bewerkstellig. Die Olimpiese Spele is op pad, maar ons fondasie moet sterk genoeg wees as ons ooit daar wil uitkom. Sterkte.

**Ons skool se waardes is:**  
**Respek, Eerlikheid, Lojaliteit en Uitnemendheid.** Kom ons leef ons waardes!

**Kom ons leef ons skool se waardes en maak 'n verskil!!**

## Bloemles Bid



Jesus se openbare lewe het oor 'n tydperk van ongeveer drie jaar gestrek. Ek kan my indink dat die dissipels in hierdie tyd onafskeidbaar van Hom geraak het. Maar toe gebeur daar dinge wat net eenvoudig ondenkbaar was, dinge wat Hy vir hulle gesê het, maar wat hulle nie verstaan het nie, en Hy word gekruisig. Toe Hy opstaan uit die graf en aan hulle verskyn, het hulle vreugde geen perke geken nie, maar ai, toe vind die hemelvaart plaas, waarvan Hy hulle ook vertel het, en hulle was weer platgeslaan.

Ek kan my hulle eensaamheid en gevoel van verlorenheid net nie indink nie. Voor Hy weg is, het Hy hierdie vir hulle gesê: "Tot sê Ek vir julle die waarheid: Dit is tot julle voordeel dat Ek weggaan, want as Ek nie weggaan nie, sal die Voorspraak, die Heilige Gees, nie na julle toe kom nie; maar as Ek gaan, sal Ek Hom na julle toe stuur". Joh. 16:7

Toe word die Heilig Gees uitgestort, net soos Hy belowe het. Daarna was niks weer dieselfde nie, want toe gebeur daar bonatuurlike dinge deur hulle. Mense kom by die duisende tot bekering, en soos hulle vervolg word en die Woord versprei, hoor die hele wye wêreld van die Here. Alles deur die krag van die Gees. Ek en jy word vandag deur dieselfde Gees toegerus, met presies dieselfde krag. Ons is tot presies dieselfde in staat as die dissipels en het ook presies dieselfde opdrag.

**Ons KAN die wêreld verander en ons KAN 'n reuse verskil maak. As ons maar net dieselfde passie gehad het...**

Ons is hier om vir elkeen te bid en vra elkeen om ook saam met ons vir ons skool en sy mense te bid. Onthou asb. van die grys gebedsposbussie in die kantoor by Lee-Ann. Neem asb. vrymoedigheid om u versoeke daarin te gooi. **Kontak asb. een van die volgende ouers:**

Riette v Staden	0748431303
Ettienne v Staden	0742296709

### KRIEKET



**Ons 0/13 A-Krieketspan het teen Grey C gespeel. Ons manne wen met 10 paaltjies. Pragtig!!**

**VIR DIE OORTREK VAN MEUBELS SKAKEL**

**RM UPHOLSTERY: 074 285 2564**

### EKSTRA WISKUNDE

**(+g+Teg)Klasse Gr. 1 – 12  
Klein groepies of individuele klasse  
Kontak: 060 962 4873**

## OUERKOMITEE

**Self confidence is the best outfit**

### Doel:

Fondsinsamelings regdeur die jaar ten bate van die skool om verbeterings aan te bring waar ookal dit nodig is.

## GELUKWENSING!!

Hartlik geluk aan elke personeellid, ouer en leerder wat gedurende Februarie verjaar. Alles wat mooi, goed en geseënd is vir julle nuwe lewensjaar!

### LIEF EN LEED

Aan ons graad 3-leerder, Antonio Lawerlot, wat kanker het, ons bid vir jou. Jou maatjies mis jou en ons is baie lief vir jou!!

## WATERKASKENADES

10 Februarie 2017

### DIE TYD HET AANGEBREEK

Onthou julle borgvorms en geldjies, indien julle dit nog nie skool toe gebring het nie. Hope pret en plesier wat wag op ons leerders. Kom ons geniet dit saam en onthou ons waardes van ons skool en leef dit hierdie Vrydag ekstra uit!  
Wees 'n TROTSE BLOEMIE!!

## Netbal en Rugbytoernooi

**Datums vir jul dagboeke:**

**29,30 en 31 Maart**

Ons vra u hulp asb. Ons vra vroegetydig vir produkte of kontant-bydraes om te help met ons toernooi. Alle skenkings kan na Juf. Carin gestuur word asb. Indien u, u weg opsien, hoe gering ookal, kan u van hierdie lysie gebruik maak om van te kies: mayonnaise, tamatiesous, margarine, ham, kaas, konfy, suiker, meliemeel, bacon, sappies, wors, maalvleis, graanpappe, rooi worsies en eiers.

**Ons sê byvoorbaat baie dankie!!**

## ADVERTENSIEBORDE

Ons neem hiermee die vrymoedigheid om u te nader om by Laerskool Bloemfontein advertensieruimte te huur, per jaar, waar u 'n bord of borde kan opsit. Ons het 3 areas waar die borde opgesit kan word.

### Rugbyveld

1,5 m x .490 m = R1 000

### Netbalbaan

3 m x .490 m = R2 000

### Groot heining

3 m x .900 m = R2 000

Bogenoemde is die koste per jaar vir die huur van die spasie waar u u bord kan opsit. Besighede maak self hulle bord en kom sit dit op. Na afloop van 'n jaar sal die skool u kontak om te verneem of u weer belangstel in die huur van die ruimte. Indien u nie sou belangstel nie, sal die bord verwyder word. Indien u belangstel kan u met Carin Jordaan skakel by 084 441 7615.

## Gedagte van die week:

Loof God wanneer jy gelukkig is. Soek God wanneer jy swaarkry. Aanbid God wanneer jy stil word. Vertrou God wanneer jy hartseer is.

Dank God elke oomblik van die dag

R  
E  
S  
P  
E  
K



### TENNIS

Almal wat in aanmerking wil kom vir die liga span – ons oefen op Maandae en Woensdae, direk na skool tot 14:30. Tref asb. reëlings vir eie vervoer.

Navrae:  
Juf. Leandra 073 093 3027

### SELECTIVE HAIR & EXTENSIONS

#### VALENTYN SPECIAL !!!!

Kom dames, laat ons julle nog mooier maak met ons ongelooflike lekker specials vir Valentynsdag!!

#### VOETSPA

Voet massering en gel op tone – R120

Wax en kleur van ooghare – R80  
Haarverlengings: volstel -30 %  
Insit van hare is ingesluit. (Gratis vooraf konsultasie)

Foil highlights -20 %

Een kleur op hare -15 %

Alle dames sny en blaas – R150  
**NB!!!!**

Afsprake op voetspa moet vooraf gemaak word, omdat ons genoeg tyd uitboek vir die massering van u voete en ons kan net 'n sekere aantal per dag doen.

Hierdie pryse is slegs geldig vanaf 7 Februarie tot en met 15 Februarie. Spring gou en maak jou afspraak!!

**\*Wendy – 071 467 2722**

#### Valentine

Ons doen gepersonifiseerde drukwerk op verskeie items.

Teddiebere 33cm R80 elk  
Sleutelhouers R35 elk

Bekers (skottelgoedwasser veilig) vanaf R40  
T-hemde, Caps, Lanyards, Klip, Horlosies, Mousepads ens. 50 % DEPOSITO MET BESTELLING

WhatsApp gerus vir foto's of meer inligting.  
Johan: 076 560 2042 of Juliana 084 959 5105

### WATERKASKENADES



#### Datum: 10 Februarie

Bring geldjie vir versnapperinge by die snoepie. Ons verkoop:

Roomys: R5, Bakkie R7  
Rib Roll – R15  
Slap Chips – R10

Die seun of dogter wat die meeste geld insamel ontvang R500  
Tweede meeste – R300  
Derde meeste – R200

Onthou die klas wat die meeste geld insamel, kry vir 'n hele week lank , elke dag, verniet 'n draairomys tydens pouse, by ons snoepie!!

Ouers welkom om saam te kuier!!  
Skool kom 13:00 uit.

**Laerskool Bloemfontein bedank Twizza vir hulle borgskap!!**

### SEWING 1 2 3

Fixing of clothes, putting in new seams, zippers, adjust size. We make curtains, we do what you do not have the time to do ... everyday needle work.

#### SEWING 1 2 3

[Oberholzer2ria@gmail.com](mailto:Oberholzer2ria@gmail.com)

072 104 3407

We believe in good service

Fast service, Neat service

We complete each job as soon as possible

**No hidden costs**

### VIR DIE MAAK VAN

SLEUTELHOERS (R40), BEKERS(R40),  
MOUSEPADS(R40), YSKASMAGNETE(R20) EN  
STICKERS(R1,50) –

SKAKEL Irma by 071 642 9142

U sal nie spyt wees nie!!!

Irma neem ook pragtige foto's.

### HELP ASB!!!!

**Ons SO-maats maak tuin!!** Hulle benodig

asb. ou tuingoed soos tweedehandse potte, bakke, gumboots, ou geroeste kruiwans, vurke, grawe, plante, kratte sement, bankies hangmandjies, gebarste koffiebekers of koppies, gieters, room/melkkanne.

Hierdie klink of julle 'n kans het om van al die ou gemors agter die motorhuis ontslae te raak. Bring asb. alle skenkings na Juf. Nanelle se klas langs die snoepie asseblief.

### VOORTREKKERS

Tyd: Dinsdae, direk na skool tot 14:30.

Registrasiegeld: R435

Betaalbaar voor of op 21 April 2017.

Jagkaartjies beskikbaar by Juf. Stephanie

### KOMMANDOKAMP

24 – 25 Februarie 2017

Waar? Mooigenoeg Kampterrein

Koste? R150 per kind

Sluitingsdatum: 17 Februarie 2017

### BAIE BELANGRIK !!

Gaan eet by **Prellerplein se Spur**. Gooi jou strokie asb. in Laerskool Bloemfontein se "boks" by die ingang. Die skool kry dan 'n persentasie van die maandelikse verkoop wat in Laerskool Bloemfontein se "boks" is. Elke maand word 'n strokie uit die "boks" getrek. Die naam kwalifiseer vir 'n "lucky draw" in November. Die gelukkige winner se skoolgeld kan ten volle betaal word vir 2017.



### SKAAK

Enige skaakspeler van gr. 4 – 7 moet asb. kom daagwedstryde speel op Donderdag 13:45 – 14:45, vir 'n maandelike plek in die ligaspan. Daar is nog 'n paar plekke oop om die span vol te kry. Ou ligaspelers en beginners moet ook kom oefen. Almal is welkom. Jy is dalk die nuwe talent waarna ons soek! Meld asb. aan by die RO-klas.

### REKENAARKLASSE

R50 per leerder per kwartaal. Eie vervoer asseblief. Tyd 13:30 – 14:30

### Gr. 1-RUGBY

Daar sal nie hierdie naweek rugby vir die graad 1's wees nie. Navrae: 083 511 9519

### Vakature op beheerliggaam

Nominasies kan by die kantoor gedoen word.

### VCSV

#### Teksvers van die maand

Ps. 111: 2, 3

Die werke van die Here is groot. Sy dade is vol majesteit.

### HELP ONS SO-MAATS

Ons benodig wol, breinaalde en hekelpenne, oorskiet lappies, leë blikkies, glas botteltjies met dekseltjies. Ons SO-leerders doen handwerk met al bogenoemde. Indien daar skenkings is kan dit direk na juf. Tharina geneem word. Baie dankie dat u ons help!!

### Middagsorg vir Gr. 1 – 4

Laat my toe om jou kind te versorg en by te staan met sy huiswerk terwyl jy by die werk is. Ek sal persoonlik die kinders by die skool gaan haal. Skakel my gerus by 074 544 3206

of kom sien my persoonlik by David Fourie Straat 23, Noordhoek.

Foote: R400 per kind, dit sluit 'n ligte middagete in.

### Kennisgewings

#### Donderdag, 9 Februarie

Skool kom 13:30 uit vir Gr. 1 – 7

**Skaak 13:45 – 14:45 (RO-Klas)**

**Krieket 0/13A @ Sannies Tuis**

#### Vrydag, 10 Februarie

### WATERKASKENADES

#### DANKIE TWIZZA



Skool kom 13:00 uit. Bring geldjie vir versnapperinge by die snoepie.

#### Maandag, 13 Februarie

Skool kom 13:30 uit vir Gr. 1 – 7

Rekenaars direk na skool tot 14:30

Krieket 0/9A @ OR – tuis

Krieket 0/9B @ Kruitberg – tuis

#### Dinsdag, 14 Februarie

Skool kom 13:30 uit vir Gr. 1 – 7

KUNS- & KREATIEWEITSKLASSE - Gr. 1, 2

en 3 (13:45 – 15:00)

Voortrekkers net na skool tot 14:30.

#### Woensdag, 15 Februarie

### FOTO'S (Elke kind kry 'n bestelvorm)

Skool kom 13:30 uit vir Gr. 1 – 7

KUNS- & KREATIEWEITSKLASSE - Gr. 4, 5, 6 en 7 (13:45 – 15:00)

Krieket 0/11A @ Brebner – tuis

Krieket 0/11B @ Roseview – tuis

#### Donderdag, 16 Februarie

Skool kom 13:30 uit vir Gr. 1 – 7

**Skaak 13:45 – 14:45 (RO-Klas)**

Krieket 0/13A @ Saints weg

#### Vrydag, 17 Februarie

Fichardtspark Atletiek 14:00 - klaar

**BELANGRIK!!** Leerders wat verjaar mag met gewone klere skool toe kom.

### LEERDERRAAD SE GEDAGTE

Leer ons ons dae so gebruik dat ons wysheid bekom.

### Grappkas

Blond bel die brandweer en sê haar huis is aan die brand.

Die man vra: "Hoe kom ons daar?"

Blond: "Halloo! Met die groot rooi lorrie!!"

**Die klink vir my na moeilikheid soek!!**  
Man aan sy vrou – My liefie jy is nie oorgewig nie, jy is net gevestig!!

E  
E  
R  
L  
I  
K  
H  
E  
I  
D

L  
O  
J  
A  
L  
I  
T  
E  
I  
T

U  
I  
T  
N  
E  
M  
E  
N  
D  
H  
E  
I  
D

